

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 6 No 5 September 2012
Personeelblad van die NWU

**Wen R600
met Eish!**

**Bedreigde
padda leef
voort**

**Een voet in Amerika en
die ander een in Europa**

INHOUDSOPGAWE

- 2 Weet jy wat dié webwoorde beteken?
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish! ons is aanpasbaar
- 4 NWU bied nog 'n suksesvolle kankersimposium aan
- 5 Finansiële foendi is nuwe ondervoorsitter van die Raad
- 6 Fokus op ... IT-dienskatalogus
- 7 Navorsers help om bedreigde paddaspesie te hervestig
- 8 Dosent 007 kén vir James Bond
- 10 Vroeg al gevonniss tot lewenslange wanderlust
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 En die wenner is...
- 17 Mense wat myle stap
- 18 Dr Eloff nou ook 'n buitengewone professor
- 19 Wen R600 met Eish!



Voorblad: Prof Francois Venter, die uittredende dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, se wanderlust het hom in Mei 2009 na Ysland geneem. Op die foto staan hy waar die tektoniese plate van Amerika en Europa bymekaar kom. (Lees gerus meer op p 10 en 11.)

Weet jy wat dié webwoorde beteken?

Die span wat verantwoordelik is vir die verdere ontwikkeling van die NWU se webwerf, is hard aan die werk en die eerste fase, wat die navorsing en ontwikkeling van 'n gebruikersprofiel behels, is afgehandel.

In die volgende Eish! sal lesers meer kan lees oor watter interessante gevolgtrekkings gemaak is tydens die navorsingsfase. Intussen is hier 'n paar definisies vir die NWU-webwerf waarmee lesers hulself vertrou kan maak.

NWU-webwerfwoordeskat

INLIGTINGSARGITEKTUUR:

Die manier waarop inligting gestruktureer en saamgegroepeer is – soortgelyk aan hoe boeke in 'n biblioteek gerangskik word sodat gebruikers kan vind waarna hulle soek.

INHOUDSTRATEGIE:

Verwys na die beplanning, ontwikkeling en bestuur van inligtingsinhoud. Dit is reeds sedert die laat negentigerjare 'n baie algemene term in webontwikkeling.

BLOG:

'n Besprekings- of inligtingswerf wat op die wêreldwye web gepubliseer word en waar 'n individu of groep gebruikers op gereelde basis menings lug en inligting verskaf.

GEBRUIKERSPROFIEL:

Dit is 'n algemene profiel wat die mees gereelde gebruikers van die webwerf weerspieël. Die data wat ingesamel word, sal gebruik word om so 'n algemene profiel te skep. Op hierdie manier kan die webwerf, en veral die inligting op die webwerf, aangepas word om in die algemene gebruiker se behoeftes te voorsien.

Redaksionele span: Personeel van Korporatiewe Sake en Verhoudinge, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos.

Drukwerk: Platinum Press. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:**

Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE **Visekanselier**

Beste kollegas

As dit eers begin lente word om ons soos nou die geval is, besef ons dat die tyd min word om al die planne wat vir die jaar gemaak is, nog waar te maak! Die laaste van die 325 doelwitte wat in die Institusionele Plan vir 2012 gestel is, is hier veral van toepassing.

Hierby 'n klompie hoogtepunte van die sake waarmee ons tans besig is:

- Ons is nou net klaar met 'n eksterne evalueringsproses van sommige van die navorsingsentiteite by die NWU, wat belangrik is vir volhoubare kwaliteitsbestuur by die universiteit. Die Institusionele Bestuur sien met groot verwagting uit na die uitkoms van die proses en weet dat dit die nodige stukrag gaan gee vir die verdere verbetering van navorsingsuitsette.
- Goeie vordering is gemaak met die personeelsamestellingsprojek in elkeen van die 15 fakulteite by die NWU. Baie dankie vir almal se samewerking en verbintenis om stadig maar seker die behoefte aan die vereenvoudiging van die personeelstrukturomgewing (deur op meer effektiewe en bestuurbare eenhede te fokus), te begin verstaan. Ek weet hierdie proses gaan op die lange duur nog baie vir ons beteken.
- Ek waardeer die terugvoer wat personeel deurlopend gee oor maniere waarop burokrasie by die NWU verminder kan word. Ek is ook bly om te sien dat bedryfseenhede self kyk na maniere om die rompslomp in eie geledere minder te maak. Ons het ook 'n konsultant genader om ons te help met die verdere vaartbelyning van ons prosesse – ek hou julle op hoogte van ontwikkelings in hierdie verband.
- Ek weet die HOKR-projek neem tans heelwat tyd in beslag. Ons maak goeie vordering en het goeie hoop dat die tweede fase in die beplande tyd afgehandel sal word. Hierdie projek raak aan die hart van die akademiese belyningsprosesse by die NWU en bied nie net 'n goeie geleentheid vir die stel van gelyke uitkomst van alle akademiese programme nie, maar ook vir die bou van onderlinge vertroue by en samewerking tussen akademiese personeel.
- Die nuwe studenteleiers is by die onderskeie kampusse aangewys. Ons wens hulle alles van die beste toe vir 'n opwindende termyn waarin hulle die kans sal hê om hul vaardighede tot voordeel van die breë studentegemeenskap te kan aanwend.
- Die Institusionele Bestuur is tans ook druk besig om die kampus- en individuele insette in die Institusionele Plan vir 2013 tot 2015



te verreken, sodat ons die plan kan finaliseer voordat dit aan die Raad voorgelê word.

Ten slotte wil ons as NWU-gemeenskap vir prof Themba Mosia terugverwelkom na hy vir ongeveer 'n jaar as die administrateur van die Tshwane Universiteit van Tegnologie opgetree het. Ons is baie bly dat hy terug is in ons midde!

Baie sterkte aan elkeen van u vir die laaste kwartaal.

Groete

James Elott



Iets wat soos 'n goue draad deur die artikels in hierdie uitgawe van Eish! loop, is dat die mens verbasend aanpasbaar is.

Op p 4 lees ons van mense wat met baie moed – en dikwels selfs ook blymoedigheid – geleer het om aan te pas by 'n lewe met kanker.

Tydens ons onderhoud met prof Francois Venter, die uittredende dekaan van die Fakulteit

Eish! ons is aanpasbaar

Regte op die Potchefstroomkampus (artikel op p 10 en 11), het hy gesê die Suid-Afrikaners se vermoë om aan te pas by omstandighede, is vir hom baie besonder.

“Suid-Afrikaners – in hul diversiteit – het 'n oneindige kapasiteit om verandering te absorbeer,” het hy gesê.

Op 'n ligter trant lees ons op p 8 en 9 hoe die rolprentkarakter, James Bond, ook deur die jare aangepas het om tred te hou met veranderende tye en omstandighede.

Ook veranderende weersomstandighede daag die mens se aanpasbaarheid uit. Verlede jaar het ons in die Maart-uitgawe van Eish! 'n foto gehad van 'n oorstromde Vaaldriehoekskam-

pus. In hierdie uitgawe is daar op p 14 'n foto van 'n spierwit Vaaldriehoekskampus toe dit op 7 Augustus daar gesneeu het.

Ja, op die ou end lyk dit of aanpasbaarheid te doen het met die oerdrang om te oorleef. Maar meer nog: oral om ons is daar inspirende NWU-kollegas wat nie net oorleef nie, maar daarin slaag om voluit te lê, ten spyte van moeilike omstandighede.

Laat ons hulle voorbeeld navolg – die NWU is immers die plek waar ons beste die geleentheid het om selfs nog beter te word. Kom ons gryp hierdie geleentheid met geesdrif aan.

Lekker lees!

Marelize & Nelia

NWU bied nog 'n suksesvolle kankersimposium aan

Wanneer 'n mens daaglik in aanraking kom met mense wat met kanker saamleef, besef jy weereens watter impak die siekte op die kern van ons menswees maak.

Dit is juis om hierdie rede dat daar met kankersimposiums op die Potchefstroomkampus begin is – om die belangrikheid van 'n holistiese begrip van voorkoming, vroeë diagnose en behandeling en 'n gesonde ingesteldheid ten opsigte van die lewensreis te beklemtoon.

Die Potchefstroom Besigheidskool, in samewerking met Kansa Potchefstroom en Wilmedpark se Onkologiesentrum in Klerksdorp, het onlangs 'n tweede verrykende kankersimposium aangebied. Die eerste simposium getiteld "Kanker in die werkplek" is in 2011 met groot sukses aangebied en hierdie jaar was die fokus op "Om te leef met kanker".

Tydens die simposium, wat op Saterdag 14 Julie 2012 plaasgevind het, het kundiges 'n wye spektrum van kankerverwante onderwerpe bespreek, soos onder andere die oorsprong van kanker. Prof Piet Pretorius, 'n afgetrede NWU-Biochemie-professor, het deelnemers aan die simposium meer vertel oor genetica en die ontwikkeling van kankerselle.

Dr Deon Schulenburg van die Departement Radiografie by Medi-Clinic in Potchefstroom, het weer gesels oor radiologiese diagnostiese metodes en terselfdertyd die voordele en funksies van nuwe tegnologie rondom mammoگرامme uitgewys.

Dr Sarah Rayne van Milpark-hospitaal in Johannesburg het gepraat oor borschirurgie en rekonstruksie en beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n vrou se vroulikheid na 'n mastektomie te herstel.

Dr Loraine Blaauw van Wilmedpark se Onkologiesentrum het gefokus op die behandeling van die verskillende tipes borskanker.

Mnr Nico Scheepers van Farmakologie aan die NWU het gesels oor pynbeheer en die stappe daarvan, en het die kombinasie van stappe wat in die beheer van pyn toegepas moet word, verduidelik. Me Ulundi Behrtel, 'n regsconsultant, het oor die regsaspekte gesels en veral oor die konstitusionele regte van pasiënte.

Dr Alida Herbst, 'n psigososiale gedragswetenskaplike aan die NWU, het met passie en deernis die "Life is a Journey"-joernaal wat deur Wilmedpark se Onkologiesentrum saamgestel is, aan die gehoor voorgelê en enkele gevalle met die gehoor gedeel.



Kanker kan oorwin word: Links is me Linda van Niekerk van Mensehulpbronne by die NWU en ook 'n kankeroorwinnaar, saam met me Zelna Visagie van Chemoterapie by die Wilmed Park Onkologiesentrum.

Laastens, as hoogtepunt van die simposium, het me Vivian Claassen, kwaliteitbestuurder by die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die NWU en ook 'n kankeroorwinnaar, haar storie oor haar "kankerreis" met almal gedeel.

Vivian se verhaal was emosioneel en motiverend en het die slotsom van die simposium beklemtoon: die lewe is kosbaar en dit is baie belangrik om kwaliteitstyd met geliefdes deur te bring en elke dag voluit te leef.



Tweede suksesvolle kankersimposium: Van links is me Charmian du Plessis van Wilmedpark Onkologie, suster Frances Minné van Kansa, me René Bishop en me Hanelie Malan van Wilmedpark Onkologie, me Vivian Claassen van die NWU wat haar reis met kanker met die gehoor gedeel het en me Marilize Minné van die Potchefstroom Besigheidskool.

Finansiële foendi is nuwe ondervoorsitter van die Raad

Die NWU is trots daarop om kundige en ervare individue te hê wat as raadslede dien.

Finansiële foendi mnr Simon Mohapi, die nuwe ondervoorsitter van die Raad, is 'n sprekende voorbeeld.

Simon beskou sy aanstelling as ondervoorsitter in Junie 2012 as 'n groot eer en 'n mosie van vertroue in hom deur sy mederaadslede.

Hy dien tans vir 'n tweede termyn as raadslid wat uit die geledere van gemeenskapsleiers aangewys is, en deel steeds sy finansiële kundigheid as lid van die Raad se Finansiële en Beleggingskomitee en voorsitter van die Batekomitee.

FINANSIËLE KUNDIGE

Sy kundigheid spruit uit 'n lang loopbaan in die finansiële wêreld. Hy is die besturende direkteur van die Mohapi-groep, 'n maatskappy wat deur die Finansiële Diensteraad as finansiële raadgewers en beleggingsbestuurders gemagtig en gelisensieer is, en by die BANKSETA as opleiers en ontwikkelaars geakkrediteer is.

Hy is boonop ook by 'n aftree-annuïteitsfonds as onafhanklike trustee en voorsitter betrokke, en by 'n makelaarsmaatskappy as nie-uitvoerende direkteur.

Hy is ook 'n geassosieerde finansiële beplanner by die Finansiële Beplanningsinstituut.

Simon glo die rol van die Raad is om die bestuur te ondersteun om kwaliteitnavorsing en -ontwikkeling, onderrig en leer, en gemeenskapsopheffing as die universiteit se kernbevoegdhede te lewer.

Na sy mening lê die NWU se krag in sy voortgesette dryfkrag om innoverende leerprogramme te identifiseer om aan die eise van die ekonomie te voldoen.

"Die beoogde stigting van 'n Skool vir Navorsing en Nagraadse Studies in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus is so 'n voorbeeld," sê hy.

Nog 'n sterkpunt van die NWU is die werwing van personeel met geskikte kwalifikasies op alle gebiede om uitmuntende onderrig te verseker.

UITDAGINGS OP DIE PAD

Hy glo billike en regverdigde verdeling van hulpbronne tussen die drie NWU-kampusse is steeds 'n uitdaging wat die NWU in die gesig staar.

"As voorsitter van die Batekomitee en in die lig van die huidige projekte wat voltooi en geïmplementeer word, wil ek sê dat daar verblydende verbeterings oral te sien is, met die vooruitsig dat daar meer is wat gaan volg," sê hy. 'n Tweede uitdaging, volgens Simon, is transformasie.

"Ek is 'n groot voorstander van ware transformasie, en terwyl baie aanvoorwerk in hierdie verband reeds gedoen is, voel ek net dat die implementeringfase te stadig plaasvind. Ons het meer fokus en aandag hier nodig."

Simon vervang mnr Thabang Makubire as ondervoorsitter van die Raad, nadat laasgenoemde se termyn as raadslid verstryk het. Simon se driejaarstermyn as raadslid verstryk in Februarie 2014.

** Verskeie nuwe raadslede is hierdie jaar verkies en van die verkiesingsprosesse is nog aan die gang. Wees op die uitkyk vir nuus hieroor in die volgende uitgawe.*

Op die lug: Behalwe dat mnr Simon Mohapi, pasverkose ondervoorsitter van die Raad, sy kennis met die NWU deel, deel hy dit ook met die gemeenskap deur elke weeksggend kommentaar oor die radio te lewer. "Ek verskaf vir die afgelope 14 jaar reeds vir die SAUK, en veral vir Lesedi FM, ekonomiese nuus en die jongste markaanwysers," sê hy.



"Transformasie is steeds 'n uitdaging."



IT-dienskatalogus

In hierdie uitgawe van Eish! fokus ons op die uitgebreide dienskatalogus op IT se webblad. Me Chandré Botha van IT-Sentraal Opleiding en Bemagtiging vertel vir ons meer hiervan en verwys ook na die basiese aanlyn-rekenaaropleiding wat vir personeel beskikbaar is.

V: Wat is die doelwit van die dienskatalogus?

A: Ons wil graag vir die NWU-gebruikers 'n oorsig gee van die IT-dienste wat beskikbaar is. Die idee is om 'n "selfhelp"-omgewing te skep waar gebruikers antwoorde en oplossings vir IT verwante vrae of probleme kan vind, sonder dat dit nodig is om die IT-hulplyn te bel. Die dienskatalogus is amper soos 'n "kitshulp-spyskaart" vir gebruikers.

V: Hoe kom 'n mens by jul dienskatalogus?

A: Daar is twee maniere waarop personelede die dienskatalogus kan bereik. Die een manier is deur na www.nwu.ac.za (die taalkeusebladsy van die NWU-webblad) te gaan en in die navigasie-venstertjie bo-aan die bladsy die volgende ná www.nwu.ac.za te tik: /IThome.

Die ander manier is om jou taalkeuse te maak, en dan op Ondersteuningsdienste (heel onder in die linkerkantste, vertikale kolom) te klik, daarna op jou besigheidseenheid, en dan op Inligtingstegnologie (IT).

V: Kan jy ons meer vertel van die uitleg van jul katalogus?

A: Ons het dit so gebruikersvriendelik as moontlik probeer maak. Op ons tuisblad word die hoofkategorieë met verskillende kleure blokkies aangedui. So dui die ligter blou blokkies byvoorbeeld sake aan wat oor kommunikasie en samewerking tussen kollegas gaan (onder meer e-posse, kalenders en die webblad), terwyl die groen blokkies die dienste wat met akademiese aktiwiteite te doen het, aandui (onder meer rekenaarlokale, tegnologie vir onderrig-leer, en navorsing).

V: Het al julle bladsye basies dieselfde onderafdelings?

A: Ja, die uitleg vir die verskillende dienste is min of meer dieselfde. Op elke bladsy kry jy byvoorbeeld 'n beskrywing van die spesifieke diens, hoeveel dit kos, vir wie dit beskikbaar is, watter voorwaardes daaraan verbonde is,

wat 'n mens moet doen om die diens te kan gebruik en waar om probleme met die diens te rapporteer.

V: Sal ek hulp kry op die dienskatalogus as ek byvoorbeeld 'n besoeker op die rekenaarnetwerk wil registreer?

A: Ja, beslis. Eers klik jy op een van die maroen blokkies, naamlik Accounts & Passwords. Op die uitvou-spyskaart wat oopmaak, klik jy dan op Guest Registrations.

V: En as ek wil aansoek doen vir 'n telefoon?

A: Klik op een van die blou blokkies, naamlik Telephony & Messaging. Op die uitvou-spyskaart klik jy op Office Telephones en siedaar – hulp is letterlik net 'n muisklik ver.

V: Raak die inligting op die katalogus nie verouderd nie?

A: Nee, ons pas dit voortdurend aan na gelang van nuwe dienste wat beskikbaar word of bestaandes wat uitgebrei word. In die geval van die WiFi-dienste vul ons byvoorbeeld ge-

reeld die plekke op die kampuskaarte aan waar hierdie diens beskikbaar word.


V: Daar is ook sprake van nuwe aanlynopleiding – kan jy vir ons meer hieroor vertel?

A: Dit is basiese rekenaaropleiding vir personeel wat deur die South African Qualifications Authority (SAQA) onderskryf word. Dit is in eFundi beskikbaar en bestaan uit agt modules naamlik Basiese rekenaarvaardighede, Windows 7, IT@NWU, E-pos, Woordverwerking, Sigblaai, Internet & Share, en Telefonie.

Personeel werk aanlyn, volgens hul eie pas. Wanneer hulle die verskillende lesse deurgestaan het en opdragte voltooi het, word hulle geassesseer en as hulle suksesvol is, kry hulle sertifikate.

Meer inligting hieroor is op ons landingsblad www.nwu.ac.za/IThome beskikbaar – klik net op Training in die linkerkantste kolom.

So lyk die IT-landingsbladsy waar die dienskatalogus gevind kan word.



Navorser help om bedreigde paddaspesie te hervestig

Dr Ché Weldon het 'n groot rol gespeel in die hervestiging van 'n skaars paddaspesie in Tanzanië wat reeds vir byna 'n dekade in die natuur uitgesterf het.

Dr Ché is van die Skool vir Biologiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus en het die swamsiekte, amfibiese chytrid fungus (*Batrachochytrium dendrobatidis*), geïdentifiseer wat die Kihansi-sproeipadda (*Nectophrynoides asperginis*) in die Kihansi-kloof in Tanzanië uitgewis het. Hy was in 2003 besig met sy doktorsgraadstudies toe lede van die Lower Kihansi Environmental Management Programme (LKEMP) hom gena-der het oor die voorkoms van die swamsiekte by 'n paddaspesie in 'n kloof in die sproeigebied van 'n waterval van die Kihansirivier.

BEDREIGDE SPESIE

Toe 'n dam in 2001 hoër op in die rivier gebou is om hidro-elektrisiteit op te wek, het die watervloei in die rivier verminder en die paddas met feitlik geen natuurlike watersproei gelaat nie.

Die Wêreldbank, wat die damprojek gefinansier het, het egter teen miljoene dollar 'n kunsmatige sproeistelsel laat inrig om die ekosisteem te handhaaf waarin dié paddas, asook twee skaarsplantspesies, voorkom. Die paddagetalle het teen middel 2003 geleidelik weer tot



'n Rare spesie: Die klein Kihansi-sproeipadda (*Nectophrynoides asperginis*).

meer as 18 000 geklim. Teen einde Junie het die populasie skielik drasties ineengestort, en teen 2009 is dit amptelik aangeteken dat die spesie in sy natuurlike habitat uitgesterf het.

Dr Ché het kort ná die katastrofe die dodelike swamsiekte op verskeie dooie paddas geïdentifiseer. Op die 120 monsters van die spesie wat nog in museums regoor die wêreld was, kon hy egter geen aanduiding van die swam in die gepreserveerde weefsel vind nie.

BEWAAR IN GEVANGENISSKAP

Kort voor die aanvanklike daling in getalle ná die konstruksie van die dam is bykans 500 paddas na twee dieretuine in die VSA geneem om bestudeer te word en in veilige bewaring aan te teel. Dié paddas was nie met die swam besmet nie, aangesien dit nog nie die bevolking teen daardie tyd bereik het nie. Dr Ché sê daar is tans ongeveer 6 000 van die spesie in aanhouding.

In 2010 is 1 000 paddas ná bykans 10 jaar weer teruggeneem na eie bodem, waar hulle tans by navorsingstasies in Kihansi en Dar-es-Salaam aangehou word. "Die teelprogram is baie suksesvol, maar te duur om volhoubaar te wees." Dr Ché was verantwoordelik vir laboratoriumwerk om te toets of die paddas in die teelprogram vry is van die swam en of hulle nie dalk 'n vreemde siekte onder lede het wat weer tot kruisbesmetting van plaaslike spesies sal lei nie. Dit is die eerste stap in die vrylatingsproses.

Hy verwag dat die tweede stap voor die einde van die jaar sal plaasvind. Die paddas sal eers in gekontroleerde hokke in hul voormalige natuurlike habitat geplaas word en later heeltemal vrygelaat word. "Ek sal baie graag daar wil wees as dit gebeur, want dit sal die heel eerste keer in Afrika wees dat 'n paddaspesie wat in aanhouding was weer in die natuur vrygelaat word."



In die kollig: Dr Ché Weldon agter 'n mikroskoop in die navorsingstasie in Kihansi, Tanzanië.

Dosent 007 kén vir James Bond

Hy is seker die galantste, gevaarlikste en onweerstaanbaarste spioen ooit. Dis nou agent 007, oftewel Bond ... James Bond. Dié kêrel wat sy Martini geskud verkies, nie geroer nie.

'n NWU-kollega wat feitlik huisvriende is met James Bond, is mnr Phil Pretorius, voorsitter van die Departement Kommunikasie in die Skool vir Tale op die Vaaldriehoekskampus.

Phil het sy goeie vriend, James Bond, behoorlik leer ken toe hy in 2006 sy verhandeling vir sy meestersgraad oor dié gewilde karakter van die Britse skrywer, Ian Fleming, gedoen het.

'n Meestersgraad oor James Bond? Is dit nie ietwat uhm onakademies nie?

"Glad nie, " sê Phil, "hoewel dit my ongelooflik dwars in die krop gestee het toe die studieer by die Universiteit van Johannesburg, aan wie ek die tema die eerste keer voorgedhou het, uitbundig gelag het daaroor. "

Haar terugvoer was bloot: "Nee Phil, probeer eerder iets meer akademies en meer ernstig."

Vandaar Phil se openingsparagraaf in sy magistervershandeling:

"In the humanities higher art tends to get more attention than the art forms lower down the spectrum. When researching these "lower" art forms it is often dismissed as trivial and even branded as being "easy". (Ashley, 1997:1).

En verder, van dieselfde skrywer: "The fact is that even though the higher art forms or narratives like Shakespeare, Milton and Austen take a great deal of insight, interpretation and abstract thought, the same could be said of popular art forms. "

VROEËRE FASSINASIE

Phil het as kind gereeld saam met sy familie na Bond-films gaan kyk, maar sy fas-

inasie daarmee het eintlik begin toe Pierce Brosnan (van die TV-reeks, Remington Steele-faam) sy opwagting ná vyf jaar van Bond-droogte in die film *GoldenEye* gemaak het.

"Die ongelooflike impak van die film op die hele wêreld het my laat vra hoekom die Bond-films steeds ná soveel jare 'n fenomeen met ongekende loketsukses was.

"As deel van narratologie (die studie van storiestructure) was dit duidelik dat die Bond-reeks 'n vaste resep volg, maar tog ook beïnvloed word deur die populêre kulturelemente van die dag."

IMMER GEWILD

Dit gaan oor die kombinasie van 'n reeds suksesvolle handelskonsep (brand) met enorme bestaande handelsmerk-assosiasie, en -lojaliteit aan die een kant, en die gebruik van populêre kulturelemente soos motors, horlosies, klere en akteurs aan die ander kant.

Die geheim is dus om die storie steeds op 'n egte Bond-manier te vertel, terwyl die film tred hou met veranderende tye. Bond pas dus aan en bly modern en relevant. So dra elke Bond byvoorbeeld klere wat in daardie spesifieke tyd hoogmode is, en ry hy die kar wat die gesogste vuurwa van die dag is. "Dit veroorsaak dat die storie opsigself dan nou weer populêre kultuur word," verduidelik Phil.

KASTE VOL KATOETERTJIES

Gedurende sy studies het Phil agtergekom dat daar nêrens 'n bron is wat byvoorbeeld al die Bond-artefakte en -akteurs lys nie.

"As my unieke bydrae het ek toe onder meer 'n opsomming gemaak van al die musiek en sangers, en ook die akteurs en hul rolle, karre en 'gadgets'."

Hy was baie beïndruk toe hy ontdek hoeveel moeite die vervaardigers gedoen het om dié toestelletjies of 'gadgets' na te vors.

Baie daarvan was iets wat reeds in ontwikkeling by een of ander geheime diens was.

"Dit was met tye so geloofwaardig dat hierdie organisasies groot geskrik het wanneer die vervaardigers iets 'fiktiefs' ontwerp het wat besonder na aan die ware Jakob was. Hulle wou byvoorbeeld dadelik weet waar die onderwater-suurstofmondstuk wat in die film *Thunderball* gebruik is, vandaan kom."

Maar, sê Phil, of dit nou die toestelletjies, die musiek, die aksie of die akteurs is wat jou lok, daar is iets vir almal, en dit is juis baie slim van die vervaardigers.

BOND BLY BO

So gepraat van akteurs – watter een is sy gunsteling-Bond?

Dié vraag laat Phil behoorlik sy hande in die lug gooi. "Ag, nee, dis so goed jy vra 'n ma vir watter kind is sy die liefste, " sê hy.

Phil is in die Roger Moore-era geskool, maar erken ruitelik dat die Remington Steele-TV-reeks die skaal vir hom in die guns van Pierce Brosnan geswaai het.

"Wat dit interessant maak, en die hipotese bewys dat die storie opsigself weer populêre kultuur word, is dat elke generasie dink hulle Bond-akteur was die beste."

Phil glo elke akteur het sy eie unieke interpretasie en dra iets unieks tot die rol by en dit



maak elke keer die Bond-karakter weer nuut en vars. Maar Bond self is nie die enigste trekpleister nie – die beeldskone Bond-vroue lok natuurlik ook aanhangers.

LANGBEEN-SKONHEDE

Van die bekende aktrises wat aan die sy van Bond verskyn het, is onder meer Ursula Andress, Halle Berry, Denise Richards en Jane Seymour.

Maanskyn en rose was dit egter nie vir die eerste klompie Bond-vroue wat agent 007 se pad gekruis het nie.

“Oorspronklik was die vrou bloot bykarakters op wie Bond nooit verlief geraak het nie,” vertel Phil. “Hy kon hulle misbruik en selfs klap, maar met die emansipasie van vroue het dit gelukkig verander.

“Die nuwe Bond-vroue is intelligent, suksesvol en sit Bond goed op sy plek. So vertel die heldin in *GoldenEye* (1995), Natalya Simonova, vir Bond sommer reguit dat hy pateties is en alleen sal doodgaan.”

Ook Bond het deur die jare verander: die skaamtelose chauvinis het ‘n sensitiewe me-

troman geword. “Hy raak nou verlief en gee werklik om, en behandel vroue soos dames,” sê Phil.

Famke Janssen, wat die femme fatale, Xenia Onatopp, speel in *GoldenEye*, is vir Phil een van die mooiste Bond-vroue ooit.

Maar die béste vir hom is ongetwyfeld Judi Dench, wat sedert *GoldenEye* steeds Bond se baas, M, is. “Haar styl, selfversekerde houding en spel is gewoon uitmuntend en as Bond se baas het sy heelwat meer skermtyd as haar voorgangers.

“Die karakter M kom ook ooreen met die eerste vrou wat aangestel is as die hoof van die Britse intelligensiediens, Stella Rimington, wat dié pos van 1992 tot 1996 beklee het.

VIERWIEL-WONDERS

Behalwe die Bond-vroue, trek die Bond-karre ook baie aandag.

“Ai tog, oor die karre wil ek nie eens praat nie. Ek kry elke maand twee 007-model karretjies van oorsee af, wat my natuurlik ‘n fortuin kos. Trouens, ek het al karre wat ek nie eens in die films gesien het nie.

“Ek is ‘n groot Aston Martin-aanhanger, maar as ek realisties moet wees, is die BMW’s vir my besonders.

“Toe ek my eerste BMW gekoop het, was my vrou so oulik om self vir my ‘n persoonlike 007-nummerplaat aan te skaf. En heel toevallig eindig my selfoonnommer ook met 007.”

SLIM VANG SY BAAS

Een van die onvergeetlike Bond-oomblikke vir Phil is in die 20ste Bond-film, *Die Another Day*. In een van die tonele stap Bond deur ‘n stoor waar talle van sy ou ‘gadgets’ of ‘toestelletjies’ gebêre word.

R, die tydelike opvolger van die “kwartiermeester”, Q (Quartermaster), gespeel deur John Cleese, raak hier seker een van die lekkerste kwinkslae kwyt teenoor Bond. Wanneer Bond (vertolk deur Pierce Brosnan) sê: “Hey, R, you are cleverer than you look”, antwoord R: “Yes, well. It is still better than looking cleverer than you are.”

Dosent 007 is self nie op sy mond geval nie. Op die vraag hoe hy dan sy Martini’s drink – geskud of geroer – is sy antwoord heel gevat: “Kom ek sê so: as ek net Martinis moet drink gaan dit my ‘shake’ én ‘stir’ – maar ek hou van my konjak.”

Eendag wil hy nog die amptelike Bond-museum in Swede gaan besoek. Hy wag net vir die geleentheid om ‘n konferensie naby genoeg daaraan te kan gaan bywoon ...

Mal oor Bond: Die kantoor van mnr Phil Pretorius van die Vaaldriehoekskampus reflekteer sy belangstelling in die James Bond-verskynsel.



007

Die 23ste Bond-film, *Skyfall*, begin op 7 November 2012 in Suid-Afrika draai, 50 jaar nadat die eerste een, *Dr. No*, die lig gesien het.

Dat Bond waarskynlik een van Brittanje se grootste ikone is, was duidelik toe die nuutste Bond-akteur, Daniel Craig, vir Koningin Elizabeth II na die openingseremonie van die 2012-Olimpiese Spele in Londen vergesel het, waar hul waagtoertjie-dubbelgangers met valskerms uit ‘n helikopter tot in die stadion gespring het. Daar het koningin Elizabeth II se skelm glimlag haar fassinasie met James Bond, alias Daniel Craig, verklap ...

Vroeg al gevonniss tot lewenslange wanderlust

Prof Francois Venter, die dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, tree aan die einde van die jaar af. In ons voortgaande reeks oor NWU-dekane, het ons met hom gesels oor sy ewige wanderlust, oor die implikasies van globalisering, die vreugde van familiebande, en Suid-Afrika se grondwet.

Potchefstroom was nog altyd die ankerplek vir prof Francois Venter wanneer hy terugkeer van sy reise waarop sy kundigheid as internasionale regskenner, tesame met sy ingebore wanderlust, hom geneem het.

Hier, op die walle van die Mooirivier, het hy in 1966 sy regstudies op die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) begin.

Nadat hy sy LLB-graad in 1970 behaal het, was hy van 1971 tot 1973 dosent by die Universiteit van Fort Hare, en is hy in 1972 toegelaat as advokaat van die Hooggeregshof in Grahamstad.

VAN POTCH TOT IN BERLYN

Kort voor lank het die verlange na die Mooirivier en sy mense hom egter teruggelok Potchefstroom toe, waar hy sy nagraadse studies voltooi en in 2001 dekaan van die Fakulteit Regte geword het.

“Dit was deur die jare verrykend om deel te kon wees van die gestoei van die PU vir CHO

om sy plek in Suid-Afrika en in die wêreld te vind. Dit was ook goed om deel te wees van die amper-trauma van die ontstaan van die NWU, en om die Fakulteit Regte te sien groei van ’n gesellige geselskappie van talentvolle juriste tot een wat nasionaal en internasionaal erken en soms beny word.”

Tussen 1979 en 2009 het befondsing deur die Alexander-von-Humboldt-Stigting dit vir prof Francois moontlik gemaak om dikwels in Duitsland en ander Europese lande navorsing te kon doen. Dit was vir hom somer ook die ideale geleentheid om uiting te gee aan sy wanderlust wat volgens hom al posgevat het toe hy as kind in sewe verskillende skole was.

ALKANT-SELFKANT

In sy omswerwing oorsee het hy terdeë bewus geraak van die feit dat landsgrense – veral in Europa – aan die vervaag is.

“Globalisering is ’n gegewe van ons era. Uit die perspektief van my vak bring dit onder andere ’n verandering in hoe ons die soewereiniteit van die staat verstaan en hoe universele norme ontwikkel vir aanvaarbare gedrag van die owerhede.”

Bo: Prof Francois Venter tydens ’n besoek aan Rio de Janeiro in Desember 2011.

Prof Francois wys daarop dat mense ook al hoe meer mobiel raak. Migrante – met ander woorde mense wat in lande bly waar hulle nie gebore is nie – maak reeds ’n beduidende persentasie van die wêreldbevolking uit. Tog is die staat en sy regstelsel darem nie aan die verdwyn nie. “Die staat oefen steeds regsgesag oor die inwoners van die land uit, maar dit word moeiliker om regverdig te regeer oor bevolkings wat al hoe meer kultureel en ekonomies diversifiseer.”

Tydens sy loopbaan het hy talle wêreldstede besoek. Een van die Europese stede wat hom na aan die hart lê, is Berlyn. “Ek het hierdie stad sien verander van ’n verdeelde, beleerde en gedeeltelik vervalde slagoffer van die Koue Oorlog, tot die glansende wêreldstad van vandag waar geskiedenis en kultuur kunstig en indrukwekkend vermeng is,” sê hy.

REISGENOTE

Prof Francois en vroulied Ester, ’n bibliotekaris wat al sedert 1969 saam met hom “deur die

lewe en die wêreld reis" spog met drie klein-kinders, terwyl 'n vierde een op pad is.

"Kleinkinders," sê prof Francois skertsend, "is 'n mens se beloning dat jy nie jou eie kinders geweld aangedoen het toe hulle tienderjariges was nie."

Die kinders wat darem wél hul tienerjare oorleef het, is twee dogters en 'n seun – nou al volwassenes wat volgens prof Francois tog maar lewenslank 'n mens se kinders bly en vir jou vreugde verskaf.

Met sy aftrede om die draai, is daar vir hom die goeie vooruitsig om navorsing te kan doen. "Dit is immers waarvoor ek oorspronklik tot die akademie toegetree het. Om dit sonder onderbreking te kan doen, gaan lekker wees."

Die navorsingsprojekte gaan vir hom sommer ook die geleentheid bied om vrye teuels te gee aan sy wanderlust. "Volgende jaar beplan ons byvoorbeeld om vir ses maande in Heidelberg, Duitsland te gaan bly, terwyl ek navorsing gaan doen."

ONDERWATER-WONDERWÊRELD

Hy wil ook nog eendag graag langs die Great Barrier Reef in Australië gaan duik. "Ek was onlangs daar, maar die see was so onstuimig dat die alge wat van die riuwe af gespoel is, die water soos ertjiesop laat lyk het," sê hy.

Prof Francois, 'n geesdriftige skuba-duiker, het in Mei vanjaar in Mauritius een van sy ongewoonste duikervarings nog gehad.

"Die duikoperateur het nie vooraf gesê hoe diep die duik gaan wees nie, en my kwalifikasie

laat my streng gesproke net toe om tot op 'n diepte van 18 m te duik. Toe ek weer sien, was ons in 'n skeepswrak – 33 m diep."

Nog 'n besondere ondervinding was toe hy 'n paar jaar gelede op die Aliwalrif naby Umkhomaas geduik het en 'n skool pylsterde van onder af kon beskou. "Dit het gelyk soos 'n swerm reusevoëls wat in die water vlieg."

Hy sê dit verg nie dapperheid om te duik nie. "Dis gevaarliker om op die N12 Johannesburg toe te ry as wat dit is om te duik, behalwe as jy roekeloos of domastrand is."

'n Grondwet om op trots te wees

Prof Francois Venter was tussen 1990 en 1993 nou betrokke by die skryf van Suid-Afrika se nuwe Grondwet.

Volgens hom word ons Grondwet wêreld-wyd as 'n hoogtepunt van 20ste eeuse grondwetskrywing beskou. "Staatsreg- en politieke wetenskap-deskundiges van oral bestudeer die Grondwet en volg die uitsprake van die Konstitusionele Hof met groot belangstelling."

Hy sê die Grondwet is bewustelik so ontwerp dat van die beste elemente van toonaangewende grondwette van die demokratiese wêreld daarin opgeneem is. Veral Duitsland en Kanada is as voorbeelde gebruik.

En is daar iets wat die grondwetskrywers dalk anders moes gedoen het? Ja, tog, meen hy. "Die grootste fout was dat daar in die Grondwet voorsiening gemaak word vir 'n presidentsamp wat feitlik net so magtig is as wat staatspresident PW Botha was wanneer dit

Prof Francois sê geen beeldmateriaal kan die onderwaterskoonheid van 'n gesonde koraalrif behoorlik weergee nie. Die riuwe is egter afhanklik van die fynste balanse in die klimaat. "As die gemiddelde seetemperatuur oor die riuwe met een of twee grade styg – soos wat aardverwarming kan veroorsaak – kan alles daar doodgaan en soos 'n hoop wit kalk lyk, sonder enige seelewe in die omgewing," sê hy.

Die toekoms is dalk nie 'n uitgemaakte saak nie, maar vir prof Francois hou dit die belofte in van onverstoorte navorsing, nuwe horisonne en onvergeetlike duikervaringe.

by die benoeming en afdanking van ministers en die bekleërs van ander sleutelposte kom. Ons pluk al hoe meer die wrange vrugte van 'n soort demokratiese presidensiële diktatorskap.

"Ek sou graag destyds meer geleentheid wou gehad het om sterker daarteen te argumenteer, maar met 'n Mandela en De Klerk as voorbeelde van toekomstige staatshoofde was dit egter moeilik om mense daarvan te oortuig."

Nog 'n probleem is volgens hom dat die toepassing van die Grondwet gemanipuleer kan word om resultate te bereik wat strydig is met die beginsels en waardes daarvan – iets wat net met groot moeite en koste deur middel van regspraak gekeer kan word.

"'n Mens kan net hoop dat die howe se onafhanklikheid behoue sal bly en dat Suid-Afrikaners al hoe meer bewus sal word van die moontlikheid dat hulle deur die stembus verbetering kan bewerkstellig," sê hy.

Ander interessantheide

My gunstelingdis: Gebraaide skaaptjops.

My gunstelingboekskrywers: Isaac Asimov en Andreas Eschbach.

My gunstelingdier: Blesbok – in biltong-vorm. Die diversiteit van vryvlieënde voëls sal ook nooit ophou om my te fassineer nie.

Dit laat my lag: Humoristiese woordspel.

Met hierdie persoon sal ek graag 'n gesprek wou voer: Ek sal by Johannes Calvin wou uitvind hoekom hy nie eintlik 'n Calvinis was nie.

Dit wil ek nog eendag doen: Antarktika besoek – maar nie vir te lank nie.



Hierdie koerantfoto uit die Sunday Times van 12 Desember 1993 is in Johannesburg by die World Trade Centre geneem toe Prof Francois Venter (voor in die middel) by die skryf van die Suid-Afrikaanse Grondwet betrokke was.

Mafikeng-dosent kry erkenning

Prof Themba Ngwenya van die Engelse Departement is herkies as sekretaris van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig (SAVTO).

Sy hervorkiesing is aangekondig by SAVTO se onlangse gesamentlike konferensie in Bloemfontein saam met die Linguistevereniging van Suider-Afrika (LVSA) en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Toegepaste Linguistiek (SAVTL).

Volgens prof Susan Coetzee-Van Rooy, SAVTO-voorsitter en Direkteur: Navorsing en Ontwikkeling op die Vaaldriehoekskampus, is dit 'n bewys van die SAVTO-lede se waardering vir prof Themba se bydrae. Hy werk al baie jare lank hard namens die vereniging en op die gebied van toegepaste taalstudies in Suid-Afrika.

By die konferensie is ook aangekondig dat 'n artikel deur prof Themba – "Manifestations of the use of multilingualism in South African advertising" in die *Southern African Linguistics and Applied Language Studies Journal* (29(1): 1-16) – een van die tydskrif se mees afgelaai artikels in die onlangse verlede is.

"Dit is 'n ISI-gelyste vaktydskrif. Ons is trots daarop dat daar so deeglik kennis geneem word van prof Themba se werk in hierdie domein – soos wat duidelik blyk uit die aantal kere wat dit afgelaai en gelees is," het prof Susan gesê.

Chemikus as invloedryke vrou vereer

En van Suid-Afrika se mees invloedryke vrou – en dit is amptelik – is verbonde aan die Departement Chemie op die Mafikengkampus.

Dr Lebogang Katata, 'n senior lektor in Analitiese Chemie, is die 2012-wenner in die Openbare Ondernemings/Instansies-kategorie van "Suid-Afrika se Invloedrykste Vroue in die Sakewêreld en die Regering"-toekennings.

Dr Lebogang het hierdie toekenning op 26 Julie ontvang by die 11de jaarlikse toekenningsgeleentheid vir Suid-Afrika se Invloedrykste Vroue – aangebied deur CEO Communications by 'n galageleentheid in die Gallagherkonvensiesentrum in Midrand.

Meer as 80 finaliste is gekies in 28 bedryfskategorie wat strek vanaf ruimtevaart en verdediging tot welsyn en verwante gemeenskapsdienste. Die beoordeling is gedoen deur 'n onafhanklike paneel bestaande uit verskeie hoëprofielindustriële leiers ten einde regverdigde en onbevooroordeelde keuses te verseker.

Volgens dr Lebogang was sy nie hierdie toekenning te wagte nie. "Die toekennings kon nie op 'n beter tyd gekom het nie; dit dien ook as motivering vir ander Suid-Afrikaanse sakevroue en andere wat daarna streef om hul merk te maak in die land se ekonomiese groei."

Volgens me Yvonne Finch, hoof van die beoordelingspaneel, was die kandidate oor alle sektore heen van 'n baie hoë kaliber, en is hulle oortuig dat die weners 'n getroue weerpieëling van die talentpoel van invloedryke vroue in Suid-Afrika is.

Die toekennings het weereens hulde gebring aan die inspirerende vroue-uitblinkers in die sakewêreld en die regering wat werk in die belang van Suid-Afrika en toekomstige geslagte.

Voorwaar 'n invloedryke vrou: Dr Lebogang Katata van die Departement Chemie op die Mafikengkampus het gewen in die kategorie vir invloedrykste vroue in openbare instellings.



Navorser help Wêreldbank met verslag oor klimaatverandering

Prof Oladimeji Oladele van die Mafikengkampus het 'n waardevolle bydrae gemaak tot die verslag oor die bekamping van globale klimaatverandering, wat onlangs deur die Wêreldbank bekendgestel is.

'n Navorsingsverslag oor die bekamping van globale klimaatverandering wat onlangs in Washington deur die Wêreldbank bekendgestel is, bevat 'n bydrae deur 'n navorser van die Mafikengkampus.

Prof Oladimeji Oladele, waarnemende direkteur van die Skool vir Landbouwetenskappe, het die meta-analise vir *Africa for Carbon Sequestration in Agricultural Soils* behartig.

Sy ontleding het bestaan uit 'n oorsig van die wetenskaplike literatuur oor grondkoolstofsekwestrasië in Afrika en is uitgevoer ter assessering

van die kweekhuysgas-verminderingspotensiaal van verskillende grondgebruikopsies. Die oorsig het 21 grondbestuurpraktieke in 32 lande gedek, soos gerapporteer in ongeveer 880 artikels wat in tydskrifte regoor die Afrika-vasteland verskyn het.

Grondkoolstofsekwestrasië is die proses waarvolgens koolstofdioksied vanuit die atmosfeer oorgeplaas word na grond toe. Daar word geglo dat hierdie proses kan help om die effek van fossielbrandstofverbruik teë te werk en terselfdertyd grondgehalte te verbeter.

Lees die volledige verslag by: www.worldbank.org/ard



Nuwe sangdosent by Skool vir Musiek

Die Skool vir Musiek het onlangs die sopraan, me Antoinette Olivier, as nuwe sangdosent by die Konservatorium verwelkom. Antoinette is



Bekende stem nou deel van die NWU: Me Antoinette Olivier is die nuwe sangdosent by die Konservatorium.

'n bekende stem in opera- en sanguitvoerings. Sedert 1996 het sy verskeie rolle in hoofsaaklik romantiese operas vertolk, as solis deelgeneem aan uitvoerings van onder andere "Die Messias", Mozart se "Requiem" en Beethoven se "Nagende Simfonie", asook konserte saam met die Black Tie Ensemble. Sy is 'n gereelde medewerker aan konserte en DVD's van Salon Musiek in Pretoria en Fanie Smit se feeskonserte vir RSG.

Antoinette het aan Wits Universiteit, in Los Angeles, en by Emma Renzi studeer. Sy het sang doseer aan die Universiteit van Pretoria en Tshwane Universiteit vir Tegnologie voordat sy die aanstelling by die Potchefstroomkampus aanvaar het.

Ingenieursfakulteit nou internasionaal geaffilieer

Die Ingenieursfakulteit op die Potchefstroomkampus het pas 'n studentebeen van die gesogte Internasionale Instituut vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurs (IEEE) gestig.

Die IEEE is die wêreld se grootste professionele assosiasie wat hom beywer vir die bevordering van tegnologiese innovasie tot voordeel van die mensdom. Die IEEE versprei ook nuwe kennis en navorsing oor spesialisvelde in die ingenieurswese oor die wêreld heen.

Volgens prof Jan de Kock, waarnemende dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, is die studentebeen gestig na afloop van die ondertekening van die langverwagte ooreenkoms. "Die stigting van die IEEE-studentebeen op kampus beteken dat ons ons studente en

personeel nog beter met innovasie, tegnologie en navorsing kan toerus. Deur middel van kongresse, opleidingssessies en spesiale lesings het ons beter toegang tot spesialiste in hul velde." Die IEEE is so gesog, dat sowat 80% van alle navorsingsartikels wat in joernale gepubliseer word, deur die instituut gepubliseer word.

Volgens prof Jan bied die IEEE-affilasie ook nou die Potchefstroomkampus 'n beter geleentheid om lesings op internasionale vlak aan te bied. Hy sê dat dié Instituut in 10 streke oor die wêreld opgedeel is en dat meer as 10 000 lesings en kongresse jaarliks wêreldwyd plaasvind. Daar is reeds meer as 2 000 studente, wat lede die geleentheid bied vir uitbreiding van kennis in belangevelde asook beroepsmoontlikhede.

Besondere geleentheid: Tydens die amptelike stigting van die IEEE se studentebeen op die Potchefstroomkampus was, van links, me Leenta Grobler van die Fakulteit Ingenieurswese, prof Jan de Kock, waarnemende dekaan, me Melanie Delport, president van die nuut gestigte IEEE-studentebeen, prof Constantinos Papadias van Griekeland, een van die prominente lektore van die IEEE en prof Sunil Maharaj, van die Suid-Afrikaanse been van die IEEE.



Gevare van dieseluitlaat: Prof Johan du Plessis sê dieseluitlaat word nou as 'n karsinogeen geklassifiseer.

Diesel vuur kanker aan

Die Internasionale Agentskap vir Navorsing oor Kanker (IARC) het pas bevestig dat die inaseming van dieseluitlaat 'n direkte oorsaak van longkanker is.

Volgens prof Johan du Plessis, 'n kenner van beroepshigiëne aan die Potchefstroomkampus, het vroeëre studies bevind dat dieseluitlaat wat deur middel van die verbrandingsproses vanuit 'n diesel-enjin vrygestel word, skadelik vir die menslike liggaam is. Die gesondheidsgevaar van die inaseming van dieseluitlaat is intussen bevestig. "Onlangse epidemiologiese studies het genoegsame bewyse gelewer sodat dieseluitlaat nou as 'n menslike karsinogeen (kankerwekkende stof) geklassifiseer is."

Prof Johan meen persone wat in spesifieke beroepsrigtings staan soos dieselwerktuigkundiges en mynwerkers, loop 'n hoë gesondheidsrisiko juis as gevolg van verhoogde blootstelling aan dieseluitlaat. "Dieseluitlaat word deur die neus ingeasem en kan tot in die longe beweeg. Die dieselpartikels word neergelê op die wande wat die lugweë uitvoer en word uiteindelik deur selle geabsorbeer. Binne in dié selle ontlok dit toksiese effekte en veroorsaak dit verskeie vorme van skade aan die sel se genetiese materiaal, wat dan oor die langtermyn kanker kan veroorsaak."

Prof Johan sê werkgewers het 'n wetlike verpligting om die gesondheid van hul werknemers te beskerm.

Hy meen die probleem in Suid-Afrika, en selfs by baie ander ontwikkelde lande, is dat daar tans geen beroepsblootstellingsdrempels vir dieseluitlaat bestaan nie. Drempels is vlakke wat wetlik daargestel word om die gesondheid van die werker te beskerm. "Indien 'n werker aan vlakke laer as die drempel blootgestel word, behoort dit nie die werker se gesondheid te benadeel nie. Dit is egter debatteerbaar of daar werklik veilige vlakke van blootstelling is vir karsinogene."

Kampus ontvang toekenning vir uitnemendheid

Die Vaaldriehoekkampus het nog 'n prestige-toekenning vir sy trofeeas bygekry. Die kampus het onlangs 'n "Global Business Roundtable"-toekenning vir Uitnemendheid ontvang en sodoende deel geword van die GBR se globale netwerk van sakelui en professionele persone.

Volgens dr John Maloma, die direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die kampus, is die toekenning 'n verdere aanduiding van die kampus se verbintenis tot die strewe na uitnemendheid – plaaslik, nasionaal en internasionaal. Die GBR benadruk verskeie hoofdoelwitte, en volgens dr John is die kampus, as verteenwoordigende entiteit van die NWU, opgewonde oor die potensiaal vir globale samewerking en ontwikkeling.

Die GBR het erkenning gegee aan die kampus in die kategorie vir hoërsonderwysinstansies. Die toekenning is oorhandig deur mnr Siphosilele, sameroeper van die GBR en president van die Pan African Chambers of Commerce and Industry (PACCI) by 'n galadinee by die Sandton Konvensiesentrum. Die gebeurtenis is bygewoon deur gaste van regoor die wêreld.

"Die toekenning ondersteun die Vaaldriehoekkampus se visie om plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees," sê dr John. Die doelwitte van die GBR sluit in intellektuele en vaardigheidsontwikkeling, besigheidsontwikkeling en -geleenthede, netwerking, mentorskapprogramme, finansiële ontwikkeling en verhoudingsontwikkeling.



Globalisering: Die "Global Business Roundtable" se Toekenning vir Uitnemendheid is onlangs aan die Vaaldriehoekkampus oorhandig.



Die Vaaldriehoekkampus het in 'n winterwonderland verander nadat dit op 7 Augustus daar gesneeu het. Personeel en studente het natuurlik nie die kans laat verby gaan om in die sneeu te baljaar nie – dit is immers nie iets wat aldag gebeur nie! Foto's: Prof Christo van Wyk



Kampus-seminaar 2012 wys lektore die mag van tegnologie

Die Eenheid vir Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus het onlangs nog 'n geslaagde kampusseminaar aangebied.

Die tema vir die Kampus Onderrig-leer Seminar 2012 was "Tegnologie-integrasie en Innovasie in Hoër Onderwys". Die seminar is op 31 Mei by die Quest Konferensiesentrum en op 1 Junie by die Vaaldriehoekkampus gehou. 'n Totaal van 65 deelnemers, wat die gassprekers en akademici van die kampus insluit, het die aanbiedings en praktiese rekenaarwerkwinkels bygewoon. Een van die gassprekers was mnr Kevin Horsley, Internasionale Grootmeester van Geheue en skrywer van *Unleash the Power of your Memory*.

Die doel van die seminar was om akademici die geleentheid te gee om tegnologie-integrasie en innovasie in hoër onderwys te ervaar. Die voorleggings het op bestepraktik in tegnologiegebruik gefokus en die praktiese sessies het lektore leiding gegee oor hoe om tegnologie suksesvol in hul beplanning vir onderrig-, leer- en assesseringsdoeleindes te integreer.

Hierbenewens is die Innoverende Onderrig-leer en Tegnologie (iTILT) 2012 kampuskompetisie

geloofs, 'n inisiatief van prof Herman van der Merwe, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie. Sewe lektore het vir die kompetisie ingeskryf en het die geleentheid gehad om gekies te kan word om die ONLINE EDUCA Internasionale Konferensie oor Tegnologie-ondersteunde Leer en Opleiding in Berlyn aan die einde van November by te woon. Die weners sal in Oktober aangekondig word.

Superseminaar: Afgevaardigdes het saamgestem dat die Kampusseminaar 2012 'n waardevolle leergeleentheid was. Van links is prof Herman van der Merwe, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, geheue-spesialis, mnr Kevin Horsley, me Eloise Cooper, sy assistent en dr Esmarie Strydom, Hoof: AOO-eenheid.



NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU het die afgelope tyd weer by verskillende geleenthede hul kundigheid met die gemeenskap gedeel – hetsy tydens toesprake of in onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“Om ‘n regsakademies te wees, is ‘n vervullende beroep. ‘n Mens werk direk met die reg en kry die geleentheid om die regs wetenskap by wyse van navorsing verder te ontwikkel. Jy help ook om ander regsgeleerdes en toekomstige regspraktisyne op te lei.”

Prof Anél du Plessis, Fakulteit Regte, Potchefstroomkampus
Beeld, 20 Julie 2012



“Tans word die geskiedenis in die hantering van grondeise geïgnoreer en word grond en geld toegeken omdat eisers ongeduldig raak.”

Prof Elize van Eeden, Skool vir Basiese Wetenskappe, Vaaldriehoekskampus
Landbou.com, 29 Junie 2012

“Wanhoop kon studente beweeg het om te kul, maar enige moontlikheid om toegeeflik teenoor hierdie studente op te tree, word nie oorweeg nie. Die integriteit van akademici is op die spel, en terwyl ons misdrywe soos bedrog en korrupsie in die samelewing sien, het ons ‘n verpligting om dit uit die akademie te hou.”

Prof Dan Kgwadi, Rektor, Mafikengkampus
The New Age, 15 Junie 2012 (vertaal)



“Regerings moet gou ingryp om die stigma verbonde aan MIV/Vigs teen te werk, anders sal die siekte nooit bekamp word nie. Hierdie stigma verhoed al ons voorkomingsaksies – dit verhoed dat mense vir toetsing gaan en dat mense die toegang gebruik wat hulle tot mediese dienste het.”

Prof Minrie Greeff, Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing, Potchefstroomkampus
RSG, 23 Julie 2012



“Jy bring die grootste deel van jou produktiewe lewe in die werkplek deur en jou werk dikteer boonop dikwels in ‘n groot mate jou identiteit. Wie jy is en waarheen jy op pad is, hou grootliks verband met jou werk en loopbaansukses.”

Dr Alida Herbst, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Potchefstroomkampus
Sarie, Junie 2012



En die **wenners** is....

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:

Me Michelle Bownes, senior praktisyn, Arbeidsverhoudinge.



Mafikengkampus:

Me Canadia Musi, bibliotekaresse, Mafikengkampus-biblioteek.



Potchefstroomkampus:

Mnr Hennie Kruger, Beheerkamerbediener, Beskermingsdienste.



Vaaldriehoekkampus:

Me Helei Jooste, sekretaresse, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



6. Wat is 'n blog?
7. Wie is die nuwe ondervoorsitter van die NWU-Raad?
8. Watter NWU-kollega het sy meestersgraad oor James Bond gedoen?
9. Watter gesogte toekenning het dr Lebogang Katata van die Mafikengkampus gewen?
10. Wat kan jy in die Eish se meningsopname wen?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!

Mense wat myle stap

Soos in die vorige uitgawes gee Eish! weer eens erkenning aan al die NWU-kollegas wat gereeld die tweede myl loop in hul daaglikse werkverrigting. Dit wil voorkom asof niks hul kan keer in hul strewe om goeie diens te lewer nie.

Prof Lucas Venter, Direkteur: Navorsingsondersteuning, en mnr Louis Bouwer, navorsingsteunbeampte in die Institusionele Kantoor, nomineer graag **me Mpe Meintjies**, sekretaresse in hul departement.

"Mpe is eintlik ons kantoorbestuurder. Niks kon haar nog ooit stuit nie en sy voltooi altyd uitdagende aktiwiteite en werk binne die gestelde sperdatums," sê Louis. Prof Lucas beaam dit wat Louis sê en voeg by dat Mpe se positiewe ingesteldheid en vermoë om meer as een projek suksesvol te bestuur en af te handel, bewonderenswaardig is. "Dankie, Mpe!"

Me Martie van der Merwe, sekretaresse in die kantoor van die rektor van die Potchefstroomkampus, is nog 'n kollega wat geprys moet word. Die rektor, prof Herman van Schalkwyk, en die rektor se kantoorbestuurder, mnr Vincent Eastes, is dit eens dat Martie se uitstekende diens en positiewe ingesteldheid 'n groot verskil maak.

"Martie se integriteit is bo verdenking en met haar professionele optrede deurgaans hanteer sy elke probleem en/of krisis met grasie. Martie, jy is 'n regte ou staatmaker en ons salueer jou!" sê prof Herman en Vincent.

Nog iemand wat voorwaar 'n staatmaker is, is **me Nono Tshalane**, 'n administratiewe assistent in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe op die Vaaldriehoekkampus. Volgens mnr Joseph Sekhampu, 'n lektor aan dié skool, is Nono die verpersoonliking van 'n goeie gesindheid. "Nono maak definitief 'n verskil – sy kry dinge gedoen en is altyd behulpsaam. Ek nomineer haar graag namens almal wat al voordeel getrek het uit haar positiewe werksetiek en goeie dienslewering."

Mnr Victor Mthobi, Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal in die Institusionele Kantoor, verdien 'n pluimpie. Volgens dr Edward Sedibe, Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport, is Victor 'n wonderlike voorbeeld en maak sy uitsonderlike leierskapsvaardighede 'n groot verskil. "Victor kwyt hom uitstekend van sy taak om komplekse probleme op te los sonder om kop te verloor in tye van krisis. Hy sien die waarde van sy personeel raak en rus hulle toe om die toenemende uitdagings te kan hanteer," sê dr Edward.

Me Farzanah Loonate, Meestersgraad-/PhD-programkoördineerder in die Navorsingsfokusarea: Sosiale Transformasie op die Potchefstroomkampus, gee graag erkenning aan **me Marieta Buys**, 'n assistent-bibliotekaris by die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroom-

kampus. "Marieta is die kontakpersoon vir meesters- en doktorale studente en is uitstekend in haar werk. Sy stap werklik die tweede myl en bied as 'n guns 'e-biblioteek'-sessies aan vir die studente, heeltemal uit haar eie. Sy is altyd so entoesiasies en deeglik en die studente trek groot voordeel hieruit. Dankie Marieta!"

Dr Alvera Visser, 'n administratiewe assistent in die IT-afdeling, Akademiese en Kantooroplossings in die Institusionele Kantoor, is voorwaar 'n tweedemyler. So sê me Zelda Friesling, assistent vir die bestuurder van die Wetenskapsentrum op die Potchefstroomkampus. Volgens Zelda is Alvera altyd vriendelik en gaan sy uit haar pad uit om behulpsaam te wees, ongeag wat die probleem is. "Alvera sal selfs fisies na jou kantoor stap om seker te maak jou probleme is opgelos – baie dankie, Alvera!"

Me Lebogang Malema, 'n senior administratiewe assistent van SENQAM op die Potchefstroomkampus, nomineer graag vir **me Ilene Brits**, 'n wetenskaplike beampte van dieselfde afdeling, vir die uitstekende werk wat sy verrig. "Ilene huiwer nie om uit haar pad te gaan om seker te maak dat die beste resultate verkry word nie. Ilene is voorwaar 'n lewende voorbeeld wat bewys dat harde werk en deursettingsvermoë altyd 'n suksesvolle resultaat oplewer."

Mnr Mark Greeff, Afdelingshoof: Landskapafdeling en Kwekery by Tegniese Dienste op die Potchefstroomkampus, maak weer 'n draai as 'n tweedemyler. "Dit het al dikwels gebeur dat ek probleme by Mark aanmeld en ek dan verstom is oor die spoed en effektiwiteit waarmee dit hanteer en reggestel word." So sê mnr Danie Stoop, Hoof van Elektroniese Dienste op die kampus. "Baie dankie aan Mark en die goed-geoliede span wat hom ondersteun."

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za. Onthou om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

MPE MEINTJIES



MARTIE VD MERWE



NONO TSHALANE



VICTOR MOTHOB



MARIETA BUYS



ALVERA VISSER



MARK GREEFF



ILENE BRITS



Dr Eloff nou ook 'n buitengewone professor

Dr Theuns Eloff, visekanselier van die NWU, speel nou ook 'n leidende rol in die uitbouing van die Potchefstroom Besigheidskool (PBS).

Dr Theuns is onlangs as buitengewone professor aangestel – die ideale manier om sy leierskapskundigheid tot voordeel van PBS-studente te gebruik. Dr Theuns het onder meer as hoofuitvoerende beampte van die Nasionale Besigheidsinisiatief, voorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika en voorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite gedien, en is tans president van die Afrikaanse Handelsinstituut.

“Vanuit 'n leierskap-perspektief sal dr Eloff se breedvoerige bestuurskennis van onskatbare waarde vir studente in MBA- en uitvoerende leerprogramme wees,” sê prof Tommy du Plessis, direkteur van die PBS.

Benewens dr Eloff, het verskeie ander kundiges ook hul kragte met die PBS saamgesnoer. Volgens prof Tommy is daar 'n toenemende behoefte aan kundigheid in die mark wat betref strategiese, langtermyn-denke en daarom het die PBS besluit om sy kapasiteit in hierdie area te verhoog en te versterk.

“Met die aanstellings van die buitengewone professors en senior lektor beskik die PBS oor van die vernaamste deskundiges in hul onderskeie spesialisvelde,” sê prof Tommy. “Die onus om strategiese denke 'n meer integrale deel van ons MBA- en uitvoerende leerprogramme te maak kry so 'n wonderlike inspuiting in die vorm van akademiese kennis en praktiese ervaring.”

Dr Theuns Eloff, die NWU-visekanselier, is onlangs as buitengewone professor by die PBS aangestel.



Beroemde vriend: Mnr Phil Pretorius van Kommunikasie in die Skool vir Tale op die Vaaldriehoekskampus het sy meestersgraadstudies oor die immer gewilde James Bond-films gedoen. Lees gerus op p 8 en 9 meer oor ons eie Dosent 007 en sy vriend, Bond ... James Bond.

Wen R600 met Eish!

Die Eish! vertel die stories van die NWU en sy mense – JULLE stories dus. Juis omdat dit julle stories is, is dit vir ons belangrik om te weet wat julle van jul personeelblad dink en verwag.

Knyp asseblief 'n paar minute af om die onderstaande vrae te beantwoord. Komaan, dit kan vir jou 'n lekker vroeë Kersfeesbonus in die sak bring, want een respondent van elke besigheidseenheid sal R600 elk ontvang in 'n lukraak-trekking. (Slegs een inskrywing per persoon.)

Op 'n skaal van een tot vyf, met een "glad nie" en vyf "baie", dui asseblief aan hoeveel jy dit geniet om die volgende in Eish! te lees:

Nuus / artikels oor:

	Glad nie ← → Baie				
Raadsake en -besluite	1	2	3	4	5
Bestuur	1	2	3	4	5
Beleide, prosedures en prosesse	1	2	3	4	5
Prestasies van die NWU	1	2	3	4	5
Prestasies van individue	1	2	3	4	5
Toekenningsereemonies, seminare, konferensies	1	2	3	4	5
Artikels met 'n mensgerigte benadering (dus oor mense eerder as kwessies)	1	2	3	4	5
Onderrig-leer	1	2	3	4	5
Navorsing	1	2	3	4	5
Gemeenskapsverbintenisse	1	2	3	4	5
Volhoubaarheid (om "groen" te leef)	1	2	3	4	5
Sentrums/skole/fakulteite/ondersteuningsdepartemente	1	2	3	4	5
Personeelsake (Mensekapitaal)	1	2	3	4	5

Gereelde artikels:

	Glad nie ← → Baie				
Boodskap van die visekanselier	1	2	3	4	5
Redaksionele boodskap	1	2	3	4	5
Fokus op ... -reeks	1	2	3	4	5
Aanhalings van NWU-kundiges	1	2	3	4	5
Langer artikel oor NWU-persone op die middelblad	1	2	3	4	5
Kampusnuus	1	2	3	4	5
Kompetisie	1	2	3	4	5
Tweede myl-artikel	1	2	3	4	5
Spotprent	1	2	3	4	5
Aanhaling op die agterblad	1	2	3	4	5

Bekou jy Eish! as 'n waardevolle bron van inligting?

Is die hoeveelheid kampusnuus in Eish! voldoende?

Is jy tevrede met die aantal indiepte-artikels oor NWU-mense?

Sal jy verkies jy om Eish! aanlyn (elektronies) te lees, of as gedrukte publikasie?

Ja	Nee
Ja	Nee
Ja	Nee
Aanlyn	Gedruk

Waaroor sal jy graag meer wil lees in Eish!? (Skryf jou voorstel hier neer):

Watter veranderinge of verbeteringe sou jy graag in toekomstige uitgawes van Eish! wou sien?

Baie dankie vir jou deelname aan hierdie opname. Skeur hierdie bladsy af, vou dit toe sodat ons adres (bussie 260) op die agterkant wys, en stuur dit aan ons per interne pos, of faks die bladsy na 086 614 3222. Nog 'n moontlikheid is om die vraelys elektronies te voltooi en aan te stuur. Die vraelys is op die intranet beskikbaar. Klik op Nuus regs bo op die intranet-landingsblad – die vraelys lê onder Gedrukte Nuusblaaie > Eish!

Indien jy in aanmerking wil kom vir die prys, voltooi asseblief hieronder:

Naam: Tel nr:

Besigheidseenheid:



Me Linda Bloem, 'n ontvangsteklerk van die Klipoog-kafeteria op die Potchefstroomkampus, deel graag die volgende gesegde wat vir haar baie waardevol is met ons:

“LEIERSKAP GAAN NIE OOR 'N UITVOERENDE POSISIE OF TITEL NIE; DIT GAAN DAAROO OM WAARDE TOT DIE WÊRELD TOE TE VOEG EN OM LEWENS TE VERRYK DEUR DIE WERK WAT JY DOEN.”

Het jy 'n gunstelinggesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish! Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/ skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.

VOU HIER

Korporatiewe Sake en Verhoudinge
Bussie 260
Institusionele Kantoor
NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT